LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 37/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Hoeveel druk?

Ons is die laaste paar dae geseën met wonderlike reën, ek kry net nie kans dat my gras gesny word nie. Ek kan nie beplan nie want ek weet nie wanneer die reën kom nie. Ek is aan die einde van die week en ek voel moeg van 'n besige week. Gister stop ek by die vulstasie om brandstof in my voertuig te gooi, ek kon nie anders as om die pragtige Duitse voertuig op te merk wat langs my parkeer het nie. Ek sit vandag met keuses. Gaan ek kla dat ek nie kan beplan om my gras te sny of gaan ek danbaar wees vir reën? Gaan ek kla oor my werkgewer wat na my mening te veel van my eis of gaan ek dankbaar wees dat ek ek werk het in 'n land met 'n hoë werloosheidsyfer. Gaan ek jaloers wees op die Duitse voertuig langs my eie voertuig of gaan ek dankbaar wees vir 'n veilige voertuig om my gesin in te vervoer. Om dankbaar te wees is 'n opdrag van God. 1 Tessalonisense 5:18 – "Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag." Om in dankbaarheid te leef is 'n keuse wat elkeen van ons moet maak, dit kom nie vanself nie. Ouers wat in dankbaarheid leef, se kinders leef in dankbarheid. Gesinne wat in dankbaarheid leef is gesonde gesinne en gelukkige mense wat hulle is tevrede met wat hulle het en sien God raak in die gewer daarvan. "En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar. Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing." - Kolosense 3: 15 - 16

## Goegieland

Wat 'n heerlike tyd by Goegieland! Die vierde kwartaal is 'n kort, maar uiters besig. Dankie vir elke ouer se ondersteuning en betrokkenheid – ons waardeer dit opreg. Julle samewerking vergemaklik ons taak by die skool verseker baie.

**Deurlopende Assessering**

Ons is nog steeds besig met assesserings in die klaskamers. Kleuters leer en groei daagliks – daarom vra ons dat hulle nie onnodig afwesig is nie. Elke dag maak 'n verskil.

**Graad R Gradeplegtigheidfoto's**

Die Gr. R-Maats se gradeplegtigheid-fotobestellings is in hul kletssakkies geplaas. Die aand se formele foto's saam met die gesin/familie se bestelvorms sal op die laatste teen Dinsdag in die kletssakkies gestuur word. Ons kan ongelukkig net tyd gee vir bestellings tot 24 November 2025 sodat die bestellings betyds kan terug wees om op 10 Desember 2025 saam met die rapporte uit te gaan.

**21 November 2025 - Kleuterskool Kersfees**

Ons sluit die jaar feestelik af met ons Kersfeesviering op Vrydag, 21 November 2025. Hou gerus die klasgroepe dop vir verdere inligting.
Kersgeskenke:
- Gr. 000 & Gr. 00: Geskenk ter waarde van R50
- Gr. 0: Geskenk ter waarde van R100

Geskenke moet asseblief teen Dinsdag, 18 November 2025 by die skool wees.
Dankie vir al die lag, liefde en pret saam met ons Goegies! Ons waardeer elke ouer se hulp en positiewe gesindheid – dis wat Goegieland so besonders maak.
Groete uit Goegieland

## Skoolfonds 2026

Skoolfonds vir 2026 is as volg:
Graad 000 tot 7 = R2 135/maand vooruitbetaalbaar oor 11 maande. Totale bedrag vir skoolfonds in 2026 is R23 485.

Eenmalige betalings voor 31 Januarie 2026 kry 3% korting - betaal slegs R22 780! Sien asseblief ook skrywe uitgestuur rondom finansies vir meer besonderhede.

## Week se Program

### 10 November 2025

- **Graad 7 Klokluifunksie**

### 11 November 2025

- **Gr. 4 tot 7 Meriete-aand te Kruik**
- **Hoëveldgroep Mini-gholf**

### 12 November 2025

- **Gr. 4 tot 7 Meriete-oggend in Skoolsaal**
- **Gr. 1 tot 3 Meriete-aand te Kruik**

### 13 November 2025

- **Gr. 1 tot 3 Goedeglorie-oggend in Skoolsaal**
- **Eksamen: Gr. 7 Afrikaans**

### 14 November 2025

- **Fear Factor**

# LEIERS DOGTERS 2026





























































# LEIERS SEUNS 2026









































# LEIERS SKOLIERPATROLLIE 2026





























## Akademie

Die eksamen begin oor 'n week en ons moet besef dat hierdie laaste tyd voor die eksamen 'n baie belangrike week is. Die onderwysers is besig met hersiening in die klasse en hierdie is 'n ideale geleentheid vir die kinders om ook hulle laaste vrae te vra. Ons besef die versoeking is daar om die kinders by die huis te hou en daar te leer. Wanneer dit gebeur mag u kind belangrike inligting mis. Maak seker u is bewus van die eksamenrooster. As gevolg van onvoorsiene omstandighede is daar veranderinge, maak asseblief seker u werk op die regte rooster.

## Dankbaarheid

Wat 'n ongelooflike voorreg dat al my sondes vergewe is omdat Jesus spesiaal vir my aan die kruis gesterf het!








| 10 Nov | 11 Nov | 12 Nov | 13 Nov | 14 Nov | 15 Nov | 16 Nov |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Sebhastian Venter | Willandri vd Westhuizen<br>Rissa Rayners<br>Kiani de Beer | Arrie vd Westhuizen | | Zhané Botha | Aiden Steyn<br>Justin Petzer | MJ Wagenaar |

# Drama







Baie geluk aan die volgende leerders wat tydens die Nasionale Artistatue Kunstefees se prysuitdeling as die beste deelnemer in hul betrokke kategorie.

Beste Graad R drama deelnemer - Evalt Vermaas
Beste Junior (Gr. 1 tot 3) drama deelnemer - Mia-né Smit

# Interne Redenaars

Die tonge het geklap by ons jaarlikse interne redenaarskompetisie! Vanaf Graad R tot en met Graad 6 het hulle hul sê kom sê en die beoordeelaars het omtrent aan elkeen se lippe gehang! Baie geluk aan elke leerder wat deelgeneem het! Om so mooi te kan praat is 'n wonderlike talent!



# Atletiekoefening

Oefeninge het Donderdag, 6 November 2025 geëindig. Tydens die eksamentydperk sal daar geen oefeninge plaasvind nie. Ná die eksamen hervat ons weer, en 'n nuwe program sal dan met almal gedeel word. Daar sal geen massa-uitdunning wees nie alle leerders kry die geleentheid om aan die Interhuis op 17 Januarie 2026 deel te neem om vir hul plek in die span te kwalifiseer.

**Voorlopige Atletiekdatums – 2026**

- 17 Januarie 2026 - Interhuis (Laerskool Goedehoop)
- 23 Januarie 2026 - Standerton
- 31 Januarie 2026 - Goedehoop Prestige
- 4 Februarie 2026 - Hoëveldgroep
- 7 Februarie 2026 - Kanonkop

# Gholf

Baie geluk aan ons gholfers met hul uitstekende prestasies by die Mpumalanga Gholf Finaal! In die A-liga eindig Goedehoop 8ste in die IPS-afdeling en 10de in die Zero-afdeling. Die meisies eindig 4de in beide die IPS- en Zero-afdeling. Ons is baie trots op julle!













# Atletiek Top 20

Ons Top 20 atletiekbyeenkoms op 1 November by Taalfees was 'n heerlike dag vol energie en spanpoging! Ondanks die warm weer was daar uitstekende kompetisie en goeie sportmanskap.

Ons het trots die volgende podiumplekke behaal – baie geluk aan elke atleet!

<u>**o/7-Seuns**</u>
Luhandré Cronje - 3de 60m

<u>**o/11-Dogters**</u>
Emma du Plessis - 1ste 1200m

<u>**o/11-Seuns**</u>
HW Meyer - 2de Spiesgooi
- 3de Diskus

<u>**o/12-Seuns**</u>
Dian Viljoen - 1ste 100m
- 1ste 200m
- 3de Gewigstoot
Jayden Ferreira - 2de 80mH
















Goedehoop-Groete
Mnr. Gawie van Niekerk
Prinsipaal

**<u>INTERSENFASE : Eksamenrooster</u>**
**<u>Vierde Kwartaal 2025 – *Graad 4 tot 7 FINAAL*</u>**

| Datum/Dag | Graad | Eerste sessie | Tweede sessie |
|---|---|---|---|
| Donderdag 13/11 | **7** | Afr | |
| Maandag 17/11 | **4** | Eng FAL | |
| | **5** | SW Geo | |
| | **6** | Afr HL | |
| | **7** | Eng FAL | |
| Dinsdag 18/11 | **4** | Afr HL | |
| | **5** | Eng FAL | |
| | **6** | SW Geo | |
| | **7** | NW | |
| Woensdag 19/11 | **4** | SW Geo | |
| | **5** | Afr HL | |
| | **6** | Eng FAL | |
| | **7** | | EBW |
| Donderdag 20/11 | **4** | PO | |
| | **5** | Wisk | |
| | **6** | NW | |
| | **7** | SW (Gesk) | KK |
| Vrydag 21/11 | **4** | SW Gesk | |
| | **5** | NW | |
| | **6** | PO | |
| | **7** | Wisk (Vraestel 1) | |
| Maandag 24/11 | **4** | NW | |
| | **5** | SW Gesk | |
| | **6** | Wisk | |
| | **7** | Wisk (Vraestel 2) | |
| Dinsdag 25/11 | **4** | Wisk | |
| | **5** | PO | |
| | **6** | SW Gesk | |
| | **7** | SW (Geo) | PO |
| Woensdag 26/11 | **7** | Teg | |

**N STRYDOM**
**DPS**

**A v ZYL**
**ADJUNKHOOF**

**GJ v NIEKERK**
**PRINSIPAAL**